



basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

GRAAD 12

AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL V2

NOVEMBER 2015

MEMORANDUM

PUNTE: 70

Hierdie memorandum bestaan uit 28 bladsye.

INHOUDSOPGawe

Kies TWEE afdelings.

AFDELING A: ROMAN

Beantwoord slegs EEN vraag.

VRAAGNOMMER	PUNTE	BLADSYNOMMER
1. <i>Kringe in 'n Bos</i>	35	4
2. <i>Die ongelooflike avonture van Hanna Hoekom</i>	35	7
3. <i>Meeulanders</i>	35	10

AFDELING B: DRAMA

Beantwoord slegs EEN vraag.

4. <i>Poppie – die drama</i>	35	13
5. <i>Paljas</i>	35	17

AFDELING C: KORTVERHALE

Beantwoord die vrae oor AL TWEE kortverhale.

6. “Op soek na Kid Khumalo”	18	20
“Astra Castra”	17	22

AFDELING D: GEDIGTE

Beantwoord die vrae oor AL TWEE gedigte.

7. “Stad in die mis”	18	25
“Things that go bump in the night”	17	27

NASIENRIGLYNE

- As 'n kandidaat in AFDELING A en B meer as een vraag beantwoord het, word net die eerste vraag per afdeling nagesien en 'n streep word deur die tweede vraag getrek.
- Indien net TWEE vrae in EEN afdeling beantwoord is, word slegs die eerste vraag nagesien.
- As 'n kandidaat twee antwoorde gee en die eerste antwoord is verkeerd, maar die tweede antwoord is reg, word die eerste antwoord nagesien en die tweede antwoord word geïgnoreer. Sien met ander woorde die eerste antwoord na.
- As antwoorde verkeerd genommer is, word die antwoorde volgens die memorandum nagesien.
- As 'n spelfout die betekenis van die antwoord beïnvloed, word die antwoord as verkeerd aangedui. As die spelling nie die betekenis van die antwoord beïnvloed nie, word die antwoord as korrek beskou.
- By aanhalings word spelfoute en leestekenfoute nie gepenaliseer nie.
- As 'n kandidaat nie aanhalingstekens gebruik waar 'n vraag dit vereis nie, word die kandidaat nie gepenaliseer nie.
- By oop vrae verdien die rede/motivering die punt. GEEN punt word toegeken vir JA/NEE/EKSTEM SAAM/EK STEM NIE SAAM NIE. Kandidate hoef nie laasgenoemde te skryf indien die motivering JA/NEE/EKSTEM SAAM/EK STEM NIE SAAM NIE insluit/impliseer nie. As JA/NEE gestel is, moet motivering daarby aansluit om die punt te verdien.
- Indien die kandidaat antwoorde gee met Engelse woorde in, druk die woord toe en kyk of dit die antwoord beïnvloed. Indien nie, sien die antwoord na.

AFDELING A: ROMAN**VRAAG 1: KRINKE IN 'N BOS – Dalene Matthee**

Tema: Menseverhoudings

Boodskap: Waak daarteen om teen stelsels te skop en mense na aan jou seer te maak.

- 1.1 • (Saul het vir Kate gesê hy het daar gaan werk, want) sy pa het hom weggejaag.
 • Saul wou net drie pond/genoeg verdien om op 'n skip te kon weggaan.
 • Saul het gedink hy kon geld verdien.
 (Enige TWEE redes) (2)
- 1.2 • Dat alle Bosmense dom/wild/onnnosel was.
 • Dat die Bosmense van 'n laer klas was.
 (Enige EEN of soortgelyk) (1)
- 1.3 Kate het Sondae by Saul kom kuier. (1)
- 1.4 • A
 • meer aansien by die dorpsmense sou verkry.
 • A meer aansien by die dorpsmense sou verkry.
 (Enige EEN) (1)
- 1.5 vryheid (1)
- 1.6 • Die Bosmense het Oupoot vir alles beskuldig.
 • Die Bosmense het die lieg oor die bloubokkie se gal geglo.
 • Die Bosmense het die olifanttande aanhou uitkap.
 • Die Bosmense het (al hoe meer) olifante geskiet.
 • Die Bosmense het die (ongemerkte) bome aanhou uitkap.
 • Die Bosmense het nie in die goud belanggestel nie.
 • Die Bosmense het Saul gebrandmerk.
 (Enige DRIE of uit Saul se perspektief of soortgelyk) (3)
- 1.7 • Die Bosmense is nie soos mense behandel nie.
 • Die Bosmense wat nie Engels gepraat het nie, is nie menswaardig behandel nie.
 • Saul het gesien dat die Engelse mense ...
 - die besighede besit het.
 - goed behandel is.
 - ryk is.
 - suksesvol is.
 - nie soos slawe behandel is nie.
 (Enige EEN of soortgelyk) (1)
- 1.8.1 MacDonald het hom belowe hy sou hom slaapplek gee/kos gee/twee sjielings per week betaal. (1)
- 1.8.2 Saul het gewerk om sy pa se skuld af te betaal. (1)

1.8.3

Ja.

- MacDonald het hom nie menswaardig/soos 'n mens behandel nie.
- MacDonald het hom in die skuur laat slaap.
- MacDonald het hom nie vir sy werk betaal nie.
- MacDonald het hom vir sy familie se skuld laat betaal.
- MacDonald het al die mag gehad.

OF

Nee.

- Saul het 'n keuse gehad om daar te werk.
(Enige EEN of soortgelyk)

(1)

1.9

- Geen mens het die reg om 'n ander mens sy slaaf te maak nie.
- As iemand vir jou werk, moet hy/sy betaal word.
- Jy behoort mense menswaardig te behandel.
- Mag moenie misbruik word nie.
- Jy moet eerlike sake doen.
(Enige EEN of soortgelyk)

(1)

1.10

- Kate het hom leer Engels praat.
- Kate het na Saul geluister.
- Kate het Saul se Sondae kom opkikker.
- Kate het hom oor die Bos en sy mense laat praat.
- Kate het Saul menswaardig/as 'n gelyke behandel.
(Enige EEN of soortgelyk)

(1)

1.11

- Dat MacDonald ongesik/onbeskof was.
- Dat MacDonald 'n leuenaar was (gelieg het).
- Dat MacDonald die houtkappers onregverdig/onmenslik behandel het.
(Enige EEN of soortgelyk)

(1)

1.12

- Saul het nog altyd die reguit pad gestap/die waarheid gepraat.
- Saul kon nie vir Kate lieg nie.
(Enige EEN of soortgelyk)

(1)

1.13

- Die *Public Library* was net vir die uitgesoekte Engelse mense van die dorp.
- Houtkappers was nie welkom in die *Public Library* nie.
- Saul was 'n kind uit die Bos.
(Enige EEN of soortgelyk)

(1)

1.14

- Kate is weggestuur (Kaap toe om daar skool te gaan).
- Sy moes (vyfhonderd keer) uitskryf: (All woodcutters are wild and dirty and so are their children.)
(TWEE strafmaatreëls)

(2)

1.15

- Beth se hoop dat daar 'n verhouding tussen haar en Saul sou ontstaan./Saul in haar sou belangstel.
(Of soortgelyk)

(1)

- 1.16 • Hulle was (goeie) vriende.
 • Hulle het 'n vriendskapsband gevorm.
 (Enige EEN of soortgelyk) (1)
- 1.17 gouddelwers (1)
- 1.18.1 • Na die sake waaroor hy en Kate nie kon praat nie.
 • Na die verlede se dinge wat tussen Saul en Kate gelê het/Kate se pa wat nie 'n verhouding sou goedkeur nie.
 • Na Saul se stryd om sy liefde vir Kate geheim te hou.
 (Enige EEN of soortgelyk) (1)
- 1.18.2 • Saul wou nie weer met die verlede gekonfronteer word nie.
 • Saul het nie geweet hoe om die gaping tussen hom en Kate reg te maak nie.
 • Saul was moeg om te baklei.
 • Saul het geweet hy sou dié oorlog nie kon wen nie.
 (Enige EEN of soortgelyk) (1)
- 1.19 Kate sou (vir die boskinders) kom skoolhou. (1)
- 1.20 • Saul wou nie die delwers daar hê nie(✓), maar hy het hierdie delwer probeer help. (✓)
 • Saul was negatief/ongelukkig oor die delwers(✓), maar hier het hy simpatie getoon (toe hy sien dat Helen swanger was). (✓)
 (Of soortgelyk)
 (IRONIE – twee kante van die stelling moet gestel word) (2)
- 1.21 (Die Bosmense het gesê) Saul het vir die regering/goewerment op hulle gespioeneer/hulle verraai het. (1)
- 1.22.1 • D
 • Joram
 • D Joram
 (Enige EEN) (1)
- 1.22.2 • E
 • Jozef
 • E Jozef
 (Enige EEN) (1)
- 1.22.3 • A
 • Saul
 • A Saul
 (Enige EEN) (1)
- 1.22.4 • B
 • Maska
 • B Maska
 (Enige EEN) (1)

- | | | |
|------|---|--------------------|
| 1.23 | <ul style="list-style-type: none">• D• Thompson se hoekerf te koop.• D Thompson se hoekerf te koop.
(Enige EEN) | (1) |
| 1.24 | <ul style="list-style-type: none">• Hy en Jozef kon saam omdraai/nuut begin.• Kate was terug in Saul se lewe.• Die gouddelwers is weg uit die Bos.• Saul kon aan die houtkappers 'n bestaan gee.
(Enige EEN of soortgelyk) | (1)
[35] |

VRAAG 2: DIE ONGELOOFLIKE AVONTURE VAN HANNA HOEKOM
– Marita van der Vyver

Tema: Selfaanvaarding

Boodskap: Aanvaar jou lewe soos wat dit is.

- | | | |
|-------|--|-----|
| 2.1 | <ul style="list-style-type: none">• kunstalent• skildertalent
(Enige EEN) | (1) |
| 2.2.1 | Bloedvingers | (1) |
| 2.2.2 | Groenvingers | (1) |
| 2.3.1 | <ul style="list-style-type: none">• Ander ek• Dit was die persoon wat sy graag wou wees.• Die persoon wat sy in haar verbeelding wou wees.
(Enige EEN) | (1) |
| 2.3.2 | <ul style="list-style-type: none">• Sy was ongelukkig oor haar eie lewe.• Sy wou 'n storie oor stralende geluk skryf.
(Enige EEN of soortgelyk) | (1) |
| 2.3.3 | <ul style="list-style-type: none">• Die skrywer wou Hanna se karakter openbaar. (Aanvaar voorbeeld soos: haar verbeelding, die dinge waarmee sy ontevrede was.)• Die skrywer wou Hanna se skryftalent beklemtoon.
(Enige EEN of soortgelyk) | (1) |
| 2.4 | <ul style="list-style-type: none">• D• het die dak in stormweer gelek.• D het die dak in stormweer gelek.
(Enige EEN) | (1) |

- 2.5 Ja.
- Die huis was lelik (aanvaar voorbeeld soos: die vensters was nie dieselfde grootte nie/die vensters was gekraak/die dak het gelek).
 - Die tuin was vol onkruid.
- OF**
- Nee.
- Hanna was gelukkig om haar eie kamer te hê.
 - Dit was 'n groot huis.
 - Baie mense moet met baie minder tevrede wees.
 - Mana en Beyers het die beste moontlike huis vir hul gesin gekry.
(Enige EEN of soortgelyk)
- (1)
- 2.6
- Hanna het 'n gaping tussen haar boonste voortande gehad.
 - Hanna het nie gehou van die gaping tussen haar (boonste) voortande nie.
 - Hanna was ongelukkig dat Mana nie haar tande wou laat regmaak nie.
(Enige EEN of soortgelyk)
- (1)
- 2.7 sop/soep
- (1)
- 2.8.1 **Gavin ...**
- was homoseksueel.
 - het grimering gedra/het flambojant aangetrek/peroksiedhare gehad.
 - was 'n afwesige pa/net 'n stem oor die telefoon.
 - het haar/haar smaak nie regtig geken nie.
- (1)
- 2.8.2 **Amos en Tibo ...**
- was barbaars/wild/morsig.
 - het altyd baklei.
 - wou nie haar privaatheid respekteer nie.
- (1)
- 2.8.3 **Yann ...**
- was nie maklik om mee saam te leef nie.
 - het Hanna geïgnoreer.
 - was onvriendelik/nors/sarkasties/spottend teenoor Hanna.
 - het die gesin geïgnoreer.
(Enige EEN feit by elke karakter of soortgelyk)
- (1)
- 2.9.1
- Tibo het nie eers geweet wie sy pa is nie.
 - Tibo se pa was 'n proefbusi.
(Enige EEN)
- (1)
- 2.9.2
- Margot het hulle verlaat (toe hy maar 3 jaar oud was).
 - Margot het in Amerika gebly.
(Enige EEN of soortgelyk)
- (1)

- 2.10 Ja.
- Ek sou nie wou hê almal moet vir my ma lag nie. (Kan voorbeelde gee)
 - Ek sou nie wou hê almal moet my ma aanstaar nie. (Kan voorbeelde gee)
- OF**
- Nee.
- Ek is trots op my ma se andersheid.
 - Dit wys my ma se individualiteit.
(Enige EEN of soortgelyk)
- (1)
- 2.11 het gevoel sy pas nie by haar gesin in nie. (1)
- 2.12 • A
 • baie dinge bevraagteken het.
 • A baie dinge bevraagteken het.
(Enige EEN) (1)
- 2.13.1 Sharon se pa (Jonathan Bester) (1)
- 2.13.2 Mana en die baba moes by 'n dokter/hospitaal uitkom. (1)
- 2.13.3 • Sharon wou by Yann wees.
 • Sharon het alles op Botterberg geniet.
(Enige EEN of soortgelyk) (1)
- 2.14 Johannesburg (1)
- 2.15.1 • Sy het gedink haar klere was te vaal (vir haar stylvolle pa).
 • Sy het gedink sy was nie mooi genoeg nie.
 • Gavin was 'n afwesige pa.
(Enige EEN of soortgelyk) (1)
- 2.15.2 By haar geboorte het hy gesê sy was perfek/"fabulous".
(Of soortgelyk) (1)
- 2.16 hartseer/ongelukkigheid/treurigheid/eensaamheid/teneergedruk
(Enige EEN of soortgelyk) (1)
- 2.17 • Gavin het op die tafel gedans.
 • Gavin het 'n diskodans uit die Sewentigs gedoen.
 • Gavin het 'n partytjie saam met hulle gehou.
(Enige EEN) (1)
- 2.18 • Hanna gaan nou oor haar eie lewe skryf (en nie meer oor Fabulous Fabienne nie).
 • Hanna het haar gesin/lewe aanvaar.
 • Hanna het nie meer 'n alter ego nodig gehad nie.
(Enige EEN of soortgelyk) (1)
- 2.19 Die ongelooflike avonture van Hanna Hoekom (- 'n ware verhaal). (1)

- 2.20.1 • D
 • Juffrou Liebenberg
 • D Juffrou Liebenberg
 (Enige EEN) (1)
- 2.20.2 • C
 • Yann
 • C Yann
 (Enige EEN) (1)
- 2.20.3 • A
 • Beyers
 • A Beyers
 (Enige EEN) (1)
- 2.20.4 • E
 • Margot
 • E Margot
 (Enige EEN) (1)
- 2.21 • Beyers het sy kinders alleen grootgemaak.
 • Beyers het vir Hanna en Tibo as sy eie kinders aanvaar.
 • Beyers was goed vir Mana/die kinders.
 • Beyers kon in vrede met sy eks/kinders se ma leef.
 (Enige EEN of soortgelyk) (1)
- 2.22 Hanna (s'n) (1)
- 2.23 Hanna het geleer om haarself/ haar gesin/haar lewe te aanvaar. (1)
[35]

VRAAG 3: MEEULANDERS – Esta Steyn

Tema: Karakterontwikkeling

Boodskap: Gebeure van die verlede vorm onlosmaaklik deel van jou ganse lewe.

- 3.1 tronk (1)
- 3.2 • A
 • van die boot af tot by Meeuland te kom.
 • A van die boot af tot by Meeuland te kom.
 (Enige EEN) (1)
- 3.3 • Daar was 'n groot storm met 'n kwaai wind.
 • Dit was te laat om Elsabet te vervoer.
 (Enige EEN of soortgelyk) (1)
- 3.4 • Jacob het skuldig gevoel omdat Elsabet vroeër wal toe wou gaan.
 • Jacob het skuldig gevoel omdat Elsabet in Salamanderbaai geboorte wou skenk.
 • Jacob het nie vir Elsabet betyds wal toe laat gaan nie.
 (Enige EEN of soortgelyk) (1)

- 3.5 • Ryna het nie mediese kennis van geboortes gehad nie.
• Ryna het nie regtig geweet wat om te doen nie.
• Ryna kon sien Elsabet kry swaar.
• Ryna kon sien dit was 'n moeilike geboorte.
(Enige EEN of soortgelyk) (1)
- 3.6 Jannerik moes 'n groot vuur maak. (1)
- 3.7 Elsabet se dogtertjie (baba) het gesterf. (1)
- 3.8 • Hulle het besluit om nie vir Elsabet te sê haar baba is dood nie.
• Hulle het besluit om die babas om te ruil/Kinnie se baba vir Elsabet te gee.
• Hulle het besluit om die baba wat gesterf het, te gaan begrawe.
• Hulle het onderneem om niemand anders oor die gebeure in te lig nie.
• Jannerik moes vir Ousanna gaan vertel het dat Kinnie se kind dood is.
(DRIE besluite of soortgelyk) (3)
- 3.9 • Ryna het Jacob gehelp om Janka te versorg.
• Ryna het Jacob ondersteun.
(Enige EEN of soortgelyk) (1)
- 3.10 Ja.
• Elsabet was reeds op breekpunt.
• Elsabet sou nie die dood van haar kind kon hanteer nie.
OF
Nee.
• Niemand het die reg om namens jou so 'n besluit te neem nie.
• Elsabet het die reg gehad om die waarheid te weet.
(Enige EEN of soortgelyk) (1)
- 3.11.1 Ousanna het gesê dat Kinnie aan maaggriep/haar maag dood is. (1)
- 3.11.2 Vir Doreen.✓
Ousanna wou nie by Doreen ingetrek het met 'n leuen/geheim tussen hulle nie.✓ (2)
- 3.12 • Ryna het besef dat haar lewe nooit weer dieselfde sou wees nie.
• Ryna het besef dat sy vir ewig aan Meeuland/sy mense verbind sou wees.
(Enige EEN of soortgelyk) (1)
- 3.13 • Dat leuens jou inhaal/Leuens.
• Dat jy nie God in iemand anders se lewe moet probeer speel nie.
(Enige EEN of soortgelyk) (1)
- 3.14 • Hulle het op Meeuland kom gesond/heel word/herstel/genees.
• Hulle het 'n nuwe begin gemaak.
• Hulle emosionele pyn het beter geword.
(Enige EEN of soortgelyk) (1)

- 3.15 • Dit is die dele van Ryna se dagboek.
• Ryna se gedagtes word weergegee.
(Enige EEN) (1)
- 3.16 Die verhouding tussen haar en Fred. (1)
- 3.17 vertrou (1)
- 3.18 • Elsabet het besluit om Meeuland te verlaat.
• Elsabet het besluit om Janka by Jacob te los.
• Elsabet het besluit om van Jacob te skei.
• Elsabet het besluit om weer 'n verhouding met Fred te hê.
(Enige TWEE of soortgelyk) (2)
- 3.19 • Fred het Elsabet verkul met ander vrouens.
• Fred se kinders se optrede teenoor Elsabet.
• Salamanderbaai se mense het oor Elsabet geskinder.
• Schalk het Elsabet sleg behandel.
• Elsabet moes in Sheila se skaduwee geleef het.
(Enige TWEE of soortgelyk) (2)
- 3.20 • Die eiland het nie vir Elsabet uitgekies✓ om daar te bly nie. Elsabet het 'n keuse gemaak✓ en self besluit om op die eiland te gaan bly/met Jacob te trou.
• Elsabet het op die eiland gewoon✓ terwyl sy geweet het✓ die eiland het haar nie gekies nie.
(Of soortgelyk. IRONIE: twee kante moet gestel word.) (2)
- 3.21.1 • D
• Ryna
• D Ryna
(Enige EEN) (1)
- 3.21.2 • C
• Kinnie
• C Kinnie
(Enige EEN) (1)
- 3.21.3 • A
• Ousanna
• A Ousanna
(Enige EEN) (1)
- 3.21.4 • B
• Ant Hansie
• B Ant Hansie
(Enige EEN) (1)

- 3.22 • C
 • storm
 • C storm
 (Enige EEN) (1)
- 3.23 Ja.
 Fred het aangebied om vir Jacob se regskostes te betaal.
 (Of soortgelyk) (1)
- 3.24 Ja.
 • Jannerik het in Ryna se buitekamer gebly.
 • Ryna en Jannerik het Janka opgepas toe Jacob tronk toe is.
 (Enige EEN of soortgelyk) (1)
- 3.25 Ja.
 Die roman gaan oor die mense van Meeuland.
OF
 Nee.
 • Die roman het ook mense van Salamanderbaai ingesluit.
 • Daar was ander mense betrokke by die verhaal.
 (Enige EEN of soortgelyk) (1)
[35]

TOTAAL AFDELING A: 35

AFDELING B: DRAMA**VRAAG 4: *POPPIE – DIE DRAMA* – Elsa Joubert en Sandra Kotzé**

Tema: Vrouebemagtiging

Boodskap: Vroue kan hulle geliefdes positief beïnvloed.

- 4.1 Ouma Hannie se man is dood. (1)
- 4.2 skaapskeerder (1)
- 4.3 Ouma Hannie het hulle versorg. (1)
- 4.4.1 • Afrikaans
• Xhosa
(Enige EEN) (1)
- 4.4.2 • Ouma Hannie wou hê die kinders moes isiXhosa praat.
• Ouma Hannie was bang die mense sou sê hulle is Boesmans.
(Enige EEN) (1)
- 4.4.3 Poppie kon (aan die begin van die huwelik) in Xhosa met Stone praat (want hy kon toe net Xhosa praat). (1)
- 4.5 • Die liedjies skep atmosfeer.
• Die liedjies dui (dikwels) 'n verandering van toneel aan.
• Die liedere sluit aan by die gebeure in die drama.
(Enige EEN) (1)
- 4.6 Poppie het by ouma Hannie geleer:
• om haar kinders op die regte manier groot te maak.
• dat die kinders moes skoolgaan.
• dat die kinders kerk toe moes gaan.
• dat respek vir ander mense belangrik was.
• dat sy nie vir grootmense se swakhede moes lag nie.
• dat jy trots moet wees/respek hê vir tradisies.
(Enige TWEE of soortgelyk) (2)
- 4.7 Poppie en mama Lena moes werk. (1)
- 4.8 • Dit leer die leser meer van Poppie, die hoofkarakter.
• Dit leer die leser dat Poppie 'n sterk vrou was.
• Dit verklaar aan die leser hoe belangrik die vroue in Poppie se voorgeslagte was.
• Dit laat die leser nog jammerder vir Poppie voel omdat (sy uit 'n gegoede agtergrond kom en sy so moet sukkel in die hede).
• Dit wys vir die leser dat Poppie se mense nog altyd sterk vroue was.
• Dit plaas die drama in 'n spesifieke tydgleuf vir die leser.
(Enige EEN of soortgelyk) (1)

- 4.9.1 • C
 • Grootouma Kappie
 • C Grootouma Kappie
 (Enige EEN) (1)
- 4.9.2 • D
 • Ouma Hannie
 • D Ouma Hannie
 (Enige EEN) (1)
- 4.9.3 • E
 • Mama Lena
 • E Mama Lena
 (Enige EEN) (1)
- 4.9.4 • A
 • Poppie
 • A Poppie
 (Enige EEN) (1)
- 4.10.1 Poppie kon nie genoeg geld (in Mdantsane/Oos-Londen) verdien nie. (1)
- 4.10.2 Ja.
 • Die familie kon na die kinders omsien.
 • Daar was 'n beter lewe vir haar kinders by familie.
 • Daar was 'n kerk/skool vir haar kinders.
 • Die dogters kon die skoonmense leer ken.
 • Die dogters kon hulle tradisies leer.
- OF**
- Nee.
 • Poppie se gesin het verbrokkeld.
 • Poppie het kontak met haar dogters verloor.
 • Poppie het haar dogters se grootwordjare gemis.
 (Enige EEN of soortgelyk) (1)
- 4.10.3 Bonsile moes skool toe gaan. (1)
- 4.10.4 • Bonsile was self nog 'n kind.
 • Bonsile het nie geld gehad nie.
 • Bonsile was nog op skool.
 (Enige EEN) (1)
- 4.11 • C
 • hy net te sieklik en verwaarloos was.
 • C hy net te sieklik en verwaarloos was.
 (Enige EEN) (1)

- 4.12 Die vrou wat by Mrs Swanepoel gewerk het:
- Poppie vir die werk aanbeveel.
 - vir 'n operasie gegaan (en Poppie het vir haar ingestaan).
- (Enige EEN) (1)
- 4.13
- Dit was diskriminerend teenoor swart mense.
 - Dit was 'n stelsel wat swart mense se bewegings gereguleer het.
 - Swart mense kon nie sonder 'n pas in die stede wees nie.
 - Dit was te beperkend vir swart mense.
 - Poppie se familie is geskei.
 - Poppie kon nie werk kry (sonder 'n pas nie).
- (Enige EEN of soortgelyk) (1)
- 4.14
- Mrs Swanepoel het Poppie meer geld aangebied.
 - Mrs Swanepoel het Poppie laat werk, al het sy nie 'n regte pas gehad nie.
 - Mrs Swanepoel het haar gehelp om haar pas reg te kry.
- (Enige TWEE) (2)
- 4.15
- Poppie het afgekry toe Mrs Swanepoel vir haar dogter gaan kuier het.
 - Poppie het tydens Kersfees afgekry.
- (Enige EEN) (1)
- 4.16.1
- Poppie was met 'n Xhosa-man/Stone/n man van Ciskei getroud.
 - Poppie was onder Stone se naam geregistreer.
 - Poppie was nie op mama Lena se huiskaart geregistreer nie.
- (Enige EEN) (1)
- 4.16.2 Mama Lena was bang dat ...
- Poppie nie sonder vrees kon rondbeweeg nie.
 - Poppie nie werk sou kry nie.
 - Poppie nie lank haar werk sou behou nie.
 - die polisie vir Poppie sou vang/sy tronk toe sou gaan.
 - Poppie weggestuur sou word Ciskei toe.
- (Enige EEN of soortgelyk) (1)
- 4.16.3
- Jakkie was kwaad/woedend/agressief.
 - Jakkie het gevloek.
 - Jakkie was neerhalend/minagtend teenoor Poppie.
- (Enige EEN) (1)
- 4.17
- Poppie het lang ure gewerk.
 - Poppie het min geld verdien.
 - Poppie het haar man laat agterbly terwyl sy vir haar kinders 'n beter toekoms gaan soek het.
 - Poppie het haar ondersteuningsnetwerk gelos net om 'n huis in Mdantsane te kry.
 - Poppie kon nie haar kinders by haar hou nie.
- (Enige DRIE) (3)

- 4.18 • Poppie is net so sterk soos haar voorgeslagte.
• Poppie het volhard/bohaar omstandighede uitgestyg/haar nie deur haar omstandighede laat onderkry nie.
(Of soortgelyk) (1)
- 4.19 dialoog (1)
- 4.20 • A
• protagonis
• A protagonis
(Enige EEN) (1)
- 4.21 • Dit dui op gerief/gemak.
• Dit is om aan te dui dat iemand oor naweke vir hulle gewerk het.
• Dit is om aan te dui dat hulle spesiaal ingekom het as die mense se families kom kuier het.
• Poppie het dit vir hulle gemaklik gemaak in hulle huis.
(Enige EEN of soortgelyk) (1)
- [35]

VRAAG 5: PALJAS - Chris Barnard

Tema: Vriendskap

Boodskap: Aanvaar alle mense, al is hulle anders.

- 5.1 • Die sirkustrein is (per ongeluk) op Toorwater afgehaak.
• Hulle was deel van die sirkus wat op Toorwater beland het.
(Enige EEN) (1)
- 5.2.1 Die nar het sy narreklore/kostuum/gesigverf/grimering aangehad. (1)
- 5.2.2 • Hy was verwonderd/verbaas.
• Hy was geskok.
• Hy was verstom.
• Hy het bang gevoel.
• Hy was onseker.
(Enige EEN of soortgelyke gevoel) (1)
- 5.3 positiewe (1)
- 5.4 • In 'n (vervalle ou) skuur.
• In die veld.
(Enige EEN) (1)
- 5.5 Willem het sy naam (met 'n stukkie houtskool op die muur) geskryf. (1)
- 5.6 • Manuel het Willem geleer hoe om 'n muntstuk weg te toor.
• Manuel het vir Willem geleer hoe om 'n eier (nie balle nie) by sy mond te laat uitkom.
• Manuel het vir Willem geleer hoe om sakdoeke/bont lappe (nie tou nie) aan mekaar te knoop.
(Enige TWEE) (2)

- 5.7 Manuel het ...
 - na Willem geluister.
 - Willem bygestaan.
 - Willem nie gedwing om dinge te doen wat hy nie wou nie.
 - Willem leer lag/speel.
 (Enige EEN of soortgelyk) (1)
- 5.8 • Willem het vir Manuel kos aangedra.
 • Willem het hulle geheim bewaar/sy teenwoordigheid geheim gehou/hom beskerm.
 • Willem het vir Manuel se toertjies gelag/dit waardeer.
 • Willem het sy fiets aan Manuel geleen.
 • Willem het Manuel opgebeur/by hom gaan sit nadat Manuel geskiet is.
 • Willem het voor almal verklaar dat Manuel sy maat was.
 (Enige DRIE) (3)
- 5.9 • B
 • vuurmaakplek
 • B vuurmaakplek
 (Enige EEN) (1)
- 5.10.1 • E
 • Willem
 • E Willem
 (Enige EEN) (1)
- 5.10.2 • C
 • Dominee
 • C Dominee
 (Enige EEN) (1)
- 5.10.3 • D
 • Ouderling Bothma
 • D Ouderling Bothma
 (Enige EEN) (1)
- 5.10.4 • B
 • Jan Mol
 • B Jan Mol
 (Enige EEN) (1)
- 5.11.1 Frans (1)
- 5.11.2 • Willem het die eienaardigste tekeninge gemaak (van goed wat hy gesien het).
 • Willem was met duiwelsgoed besig.
 • Jan Mol het gesien hoe hulle offer.
 • Jan Mol het gedink Willem se tong was vir een of ander offerande uitgesny.
 (Enige TWEE) (2)

- 5.11.3 • Jan Mol het Frans (voor die koöperasie) uitgetart.
 • Jan Mol het die dorpsmense laat glo dat al die stories waar was.
 • Jan Mol het leuens/skinderstories versprei.
 • Jan Mol het die manne na die nar laat soek.
 • Jan Mol wou gehad het die manne moes die nar skiet.
 • Jan Mol het die nar geskiet.
 • Jan Mol het 'n skoot na die wasgoed geskiet.
 • Jan Mol het die mense in die kerk opgestook.
 • Jan Mol het die McDonalds se kar by die Volstruisdans met klippe gegooi.
 • Jan Mol het die McDonalds onwelkom laat voel.
 (Enige EEN of soortgelyk. Aanvaar voorbeelde ook.) (1)
- 5.12 • Hendrik het vroeër (vir die polisie) gesê dat die skuur al jare lank leeg gestaan het.
 • Hendrik het nie geweet waarvan Jan Mol gepraat het toe hy van die Beëlsebub gepraat het nie.
 • Hendrik het nie geweet wie die "Manuel" was vir wie Willem vroeër geroep het nie.
 • Hendrik wou by Willem weet wie die gewonde man was.
 (Enige EEN of soortgelyk) (1)
- 5.13 • Hendrik sou eerder baklei/geraas/geskiet het.
 • Hendrik sou die vreemdeling weggestoot het.
 • Hendrik sou aggressief geraak het.
 (Enige EEN of soortgelyk) (1)
- 5.14 • Die McDonalds het saamgestaan.
 • Manuel (se besering) bring die hele gesin saam.
 • 'n Boodskap van eenheid.
 • Die gesin het weer 'n goeie/normale verhouding.
 (Enige EEN of soortgelyk) (1)
- 5.15.1 • Hendrik het Manuel se leersak reggemaak.
 • Hendrik het Manuel se wonde help versorg.
 (Enige EEN) (1)
- 5.15.2 • Katrien het Manuel se wonde verpleeg.
 • Katrien het Manuel versorg.
 • Katrien het Manuel se narrepak reggemaak.
 (Enige EEN) (1)
- 5.16.1 (Die) konsertina (1)
- 5.16.2 • Manuel wou hê Willem moes die instrument leer speel/aanhou musiek maak.
 • Manuel wou hê Willem moes aanhou glimlag/gelukkig wees.
 (Enige EEN of soortgelyk) (1)

- 5.16.3 • Emma het selfvertroue gehad.
 • Die McDonald-gesin/Emma was gelukkig.
 • Die McDonald-gesin/Emma het vrede gevind.
 (Enige EEN of soortgelyk) (1)
- 5.17.1 • Hendrik het sy verhouding met sy gesin herstel.
 • Hendrik het na Emma geluister toe sy gesê het hulle moes oor probleme praat.
 • Hendrik se huweliksverhouding het verbeter./Hendrik en Katrien het saam gedans en gelag.
 • Hendrik het Willem aanvaar.
 (Enige TWEE of soortgelyk) (2)
- 5.17.2 • Ek kan vrolikheid in mense se lewens bring.
 • Ek kan vir ander mense omgee.
 • Ek kan uitreik na die mense rondom my.
 • Ek kan begrip hê vir mense se swakhede.
 • Ek kan mense aanvaar (vir wie hulle is).
 (Enige EEN of soortgelyk) (1)
- 5.18 • B
 • draaiboek
 • B draaiboek
 (Enige EEN) (1)
- 5.19 dialoog (1)
- 5.20 • Wees behulpsaam/ondersteunend/hulpvaardig.
 • Toon begrip vir ander mense.
 • Gee om vir ander mense.
 • Respek vir ouer mense.
 • Goeie maniere.
 (Enige aanvaarbare antwoord) (1)
- [35]**

TOTAAL AFDELING B: **35**

AFDELING C: KORTVERHALE**STORIEJOERNAAL****VRAAG 6: "OP SOEK NA KID KHUMALO" – Dolf van Niekerk**

Tema: Bekommernisse

Boodskap: Mense moet na mekaar omsien.

- | | | |
|-------|--|-----|
| 6.1 | <ul style="list-style-type: none"> • In Johanna se kamer/plek/huis. • By die Therons se huis/Johanna se werksplek.
(Enige EEN of soortgelyk) | (1) |
| 6.2 | Thomas se vrou wou nie vir Johanna/enige iemand daar gehad het nie | (1) |
| 6.3 | <ul style="list-style-type: none"> • A • niggie • A niggie
(Enige EEN) | (1) |
| 6.4 | Ek het simpatie/jammerte vir haar.
(Of soortgelyk) | (1) |
| 6.5.1 | Kid en Thomas se pa was ... <ul style="list-style-type: none"> - selfsugtig - onregverdig - manipulerend/dominerend - vasgevang in sy tradisies - onrealisties - onverantwoordelik - hardkoppig (Enige EEN of soortgelyk) | (1) |
| 6.5.2 | <ul style="list-style-type: none"> • Johanna moes haar kinders alleen grootgemaak het. • Johanna kon nie by haar kinders gebly het nie. • Johanna se kinders het sonder 'n pa grootgeword. • Die pa het weggeloop/verdwyn.
(Enige EEN of soortgelyk) | (1) |
| 6.6.1 | <ul style="list-style-type: none"> • Kid het 'n kind gehad toe hy nog op skool was. • Kid het nie onderhoud betaal nie. • Kid het dikwels van werk verander. • Kid het dikwels in treine en motorwrakke geslaap.
(Enige EEN) | (1) |
| 6.6.2 | <ul style="list-style-type: none"> • Hy het (vaste) werk gehad (by die Kalafong-hospitaal). • Hy het gekwalifiseer vir 'n huislening/het 'n huis gekoop. • Hy het nie sommer meer van die werk weggebly nie.
(Enige EEN) | (1) |
| 6.7.1 | <ul style="list-style-type: none"> • Die Therons het die telefoon laat uithaal./Daar was nie 'n telefoon nie. • Mev. Theron het gesê dit was te duur om van 'n selfoon af te bel.
(Enige EEN of soortgelyk) | (1) |

- 6.7.2 Mev. Theron/Johanna se werkgewer (1)
- 6.8
- Die ou vrou het nie geantwoord nie.
 - Die bure het nie geweet waar Kid was nie.
 - Die ander bure kon nie sê ...
 - wanneer hulle laas vir Kid gesien het nie.
 - of daar ander mense in die huis was nie.
 - of daar lawaai in die huis was nie.
 - of die kinders miskien iets gesien het nie.
 - dat hulle die oop voordeur/brandende ligte opgemerk het nie.
- (Enige EEN) (1)
- 6.9 alles op hul plek (1)
- 6.10.1
- E
 - Bloemfontein
 - E Bloemfontein
- (Enige EEN) (1)
- 6.10.2
- C
 - Soshanguve
 - C Soshanguve
- (Enige EEN) (1)
- 6.10.3
- D
 - Mamelodi
 - D Mamelodi
- (Enige EEN) (1)
- 6.10.4
- A
 - Kalafong-hospitaal
 - E Kalafong-hospitaal
- (Enige EEN) (1)
- 6.11
- (Johanna kon nie baie van Frans verwag het nie) omdat hulle nie getroud was nie.
 - Frans het sy eie familie gehad.
 - Frans was nie altyd daar (by Johanna) nie.
 - Hulle was eintlik niks van mekaar nie.
- (Enige EEN) (1)
- 6.12 Ek het geleer dat ...
 - kinders hulle ouers nie moet afskeep nie/moet liefde betoon.
 - kinders vir hulle ouers voorsorg moet tref.
 - kinders se huweliksmaats mekaar se ouers in hulle lewens moet toelaat.
 - kinders moenie ouers onnodig bekommernis besorg nie.
 - kinders moet hulle ouers met respek behandel.
- (Enige EEN of soortgelyk) (1)

“ASTRA CASTRA” – *Dot Serfontein*

Tema: Ambisie

Boodskap: Laat kinders gebalanceerd lewe.

- 6.13
 - D
 - "die sterre my kamp".
 - D "die sterre my kamp".
(Enige EEN) (1)
- 6.14 ambisie (1)
- 6.15
 - Suid-Afrikaanse (SA) Kampioenskappe/SA's
 - Nasionale atletiekbyeenkoms in Port Elizabeth
(Enige EEN) (1)
- 6.16
 - Eben het besluit ...
 - waar Ettie moes bly.
 - met wie sy kon uitgaan.
 - wanneer sy moes oefen.
 - Eben het Ettie bevoordeel.
 - Eben het aan haar voorgeskryf.
(Enige EEN of soortgelyk) (1)
- 6.17
 - Ettie moes 'n spesiale dieet volg.
 - Ettie moes 'n spesiale (dag)roetine volg.
 - Ettie kon by die skoolhoof se huis beter vir die atletiekbyeenkoms voorberei.
 - Ettie kon net fokus op atletiek.
(Enige EEN of soortgelyk) (1)
- 6.18
 - Eben se atletiekloopbaan is deur 'n besering beëindig.
 - Eben kon nooit ver genoeg vorder in sy atletiekloopbaan nie.
 - Eben kon nie sy atletiekdroom verwesenlik nie.
(Enige EEN) (1)
- 6.19
 - Deur Ettie kon Eben weer atletiekdrome droom/sy atletiekdroom uitleef.
 - Eben het dit geniet om Ettie se talent te sien.
 - Eben het tuis gevoel op die atletiekveld.
 - Eben het in beheer gevoel/was op 'n terrein waar hy in beheer was/meester was.
(Enige EEN of soortgelyk) (1)
- 6.20.1 Dolf het geweier om vir Eben te sê wie by wie afgeskryf het.
(Of soortgelyk) (1)
- 6.20.2
 - Dolf was lief vir/verlief op Ettie.
 - Dolf het gevoelens vir Ettie gehad.
(Enige EEN of soortgelyk). (1)

- 6.20.3 • Eben se verloofde was verbaas/geskok.
 • Eben se verloofde het gedink dis belaglik dat hy so opgetree het.
 • Eben se verloofde kon dit nie glo nie.
 • Eben se verloofde het gedink Eben oorreageer.
 • Sy het gedink dat Eben verkeerd opgetree het.
 (Enige EEN of soortgelyk) (1)
- 6.21 Eben het gesê ...
 • Ettie was nie meer deel van die koshuis nie; (hoe kom wou sy na die partytjie toe gaan?)
 • Ettie mag nie (twee aande voor 'n kampioenskap na 'n partytjie toe) gegaan het nie.
 • Ettie moes besluit of sy ernstig was oor atletiek of oor seuns.
 • Ettie moes vir Dolf sê sy gaan nie saam met hom nie.
 • Ettie moes na 'n fliek oor haar vorige wedlope kyk.
 • dat hy Dolf se nek sou breek as Ettie gaan.
 • dat atletiek nie kinderspeletjies was nie.
 • dat hulle volgende kwartaal kan ring koop as hulle wou.
 • sy sou hardloop en sy sou wen.
 • Eben wou weet of Ettie gek was.
 (Enige DRIE of soortgelyk) (3)
- 6.22 • Hy sou (daardieoggend van haar wedloop) elke uur/baie (as die horlosie slaan) (30 sekondes) **aan haar dink**.
 • Hy sou vir haar duim vashou.
 (Enige EEN) (1)
- 6.23 • Hanna (Dewalt) het gewen.
 • Ettie het nie gewen nie./Sy het (teen Hanna) verloor.
 • Ettie het 'n halfsekonde na Hanna geëindig.
 (Enige EEN) (1)
- 6.24 Ja.
 • Hanna (Dewalt) het gewen.
 • Haar lewe is deur Eben se besluite beheer./Sy kon nie altyd dinge saam met haar maats doen nie
 • Atletiek het haar sosiale lewe/verhoudings met ander te veel beïnvloed.
OF
 Nee.
 • Sy kon self besluit om op te hou met atletiek.
 • Dit was haar keuse om Eben se beheer toe te laat of nie.
 • Sy het talent gehad/n mens moet hard werk om 'n wenner te wees.
 (Enige EEN of soortgelyk) (1)
- 6.25 Ouers en onderwysers kan leer dat ...
 • hulle nie te veel druk (om te presteer) op kinders moet plaas nie.
 • kinders die reg het om 'n gewone lewe saam met ander tieners te geniet.
 (Enige EEN of soortgelyk) (1)

TOTAAL AFDELING C: **35**

AFDELING D: GEDIGTE**VERSJOERNAAL****VRAAG 7: "Stad in die mis" – DJ Opperman**

- 7.1.1 **ek-spreker/eerstespersoonspreker** (1)
- 7.1.2 • Dit laat die leser dinge deur die oë van die spreker beleef.
 • Dit duï 'n persoonlike ervaring aan./Dit maak die gedig meer persoonlik (eie emosies).
 • Maak die gedig geloofwaardig/oortuigend.
 (Enige EEN) (1)
- 7.2 • B
 • gejaagdheid
 • B gejaagdheid
 OF
 • C
 • gevangenskap
 • C gevangenskap
 (Enige EEN) (1)
- 7.3.1 gehoor/hoor (1)
- 7.3.2 • "ek hoor hom knor (en in oop mote)"
 • "(en met sy hap sluit) staal op staal"
 (Enige EEN) (1)
- 7.4.1 • B
 • "oop mote"
 • B "oop mote"
 (Enige EEN) (1)
- 7.4.2 • A
 • "wit duisternis"
 • A "wit duisternis"
 (Enige EEN) (1)
- 7.4.3 • D
 • "oë bloedlope"
 • D "oë bloedlope"
 (Enige EEN) (1)
- 7.5 • "(en met) sy hap sluit staal op staal."
 • "met gespanne spier"
 • "ek hoor hom knor en in oop mote"
 • "waggel sy pilare-pote"
- (Enige EEN. Minstens TWEE allitererende klanke moet gegee word. Slegs die allitererende letter/s moet onderstreep word.) (1)

- 7.6.1 Die spreker loop "met gespanne spier"/hy was gespanne/die spreker se spiere was gespanne. (1)
- 7.6.2 • "sluip"
• "waggel"
(Enige EEN) (1)
- 7.7.1 konnotatief (1)
- 7.7.2 • Dit is die stadsgeluide.
• Dit is die geluid van die verkeer in die stad.
• Dis die motors in die stad.
• Dis die hysbakdeure wat oopmaak en toemaak.
• Die hele gedig is 'n metafoor en daarom is dit nie die letterlike knor van 'n (letterlike) dier nie.
(Enige EEN of soortgelyk. Die kern van die woord "knor" moet verduidelik word.) (1)
- 7.8 kommapunte (1)
- 7.9 Die atmosfeer was:
• gespanne
• onheilspellend(e)
• vreesaanjaend(e)
• spokerig(e)
(Enige EEN) (1)
- 7.10 • Die moderne stad is 'n **bedreiging** vir die mens./Die moderne stad maak jou bang.
• Die stad hou **gevare** vir die mens in.
• Die mens word die **gevangene** van die stad.
(Enige EEN of soortgelyk) (1)
- 7.11 (n) metafoor (1)
- 7.12 Die woord "mis" is gepas, want ...
• dit laat die stad gevaaaliker lyk.
• dit skep die indruk dat daar geheime in die stad is.
• dit impliseer dat daar baie geheime in die stad is.
• daar gebeur baie dinge in die stad waarvan ons nie weet nie.
• dit dui op die besoedeling in die stad.
(Enige EEN of soortgelyk. Kan nie net in een woord beantwoord nie.) (1)

"Things that go bump in the night" – Rosa Keet

- 7.13
 - (Nag)geluide
 - Dinge wat 'n mens (snags) bang maak.
 - 'n Skotse gebed/(kinder)gebed
(Enige EEN) (1)
- 7.14 kindergebed (1)
- 7.15 Ja.
Die spreker het nie in die kamer gebly nie, sy was dapper om te gaan hoor waar die geluide vandaankom.
OF
Nee.
Die spreker is bang om snags alleen te wees/skrik vir die geringste dingetjie.
(Of soortgelyk) (1)
- 7.16 "onbekende voetstap"
(TWEË OPEENVOLGENDE WOORDE) (1)
- 7.17 Van die (donker) trap (1)
- 7.18
 - (na) slaap
 - Hy/sy soek na die dinge wat hom/haar bang gemaak het/die geluide in die huis.
(Enige EEN of soortgelyk) (1)
- 7.19.1 assonansie/halfrym (1)
- 7.19.2
 - Dis 'n verbindingselement in vrye vers.
 - Dit skep 'n (somber) stemming.
 - Dit weerspieël die spreker se moegheid.
 - Dit vertraag die tempo.
 - Dit skep/beïnvloed 'n bepaalde ritme.
 - Dit beklemtoon die woorde waarin die assonansie voorkom.
(Enige EEN of soortgelyk) (1)
- 7.20 personifikasie (1)
- 7.21.1 straatlig (1)
- 7.21.2 naaldekoker (1)
- 7.22 WERKLIKE DINGE:
 - jas (aan die kapstok)
 - die stofsuierpyp/stofsuier
 VERBEEELDE DINGE:
 - 'n man (sonder bene)
 - (stofsuier)slang
(Enige EEN: Werklike dinge OF verbeelding dinge) (2)

- 7.23 Die reëls is baie korter as die ander reëls./Net hierdie woorde staan in die reëls. (1)
- 7.24 Ja.
- Dit is baie erg om snags alleen/bang te wees.
 - Hy/Sy is alleen in die donker.
- OF**
- Nee.
- Hy/Sy kan net 'n lig aanskakel om minder bang te voel.
(Enige EEN of soortgelyk wat verband het met die gevoel en optrede van die spreker in die gedig) (1)
- 7.25
- D
 - 'n vergelyking
 - D 'n vergelyking
(Enige EEN) (1)
- 7.26 Ja.
- Dis beter om op te staan en die oorsaak van die geluide te gaan soek as om bang te lê en luister.
- OF**
- Nee.
- Hy/sy moenie rondloop as sy/hy wil slaap nie.
 - Hy/sy kon 'n lig aangeskakel het.
(Enige EEN of soortgelyk) (1)

TOTAAL AFDELING D:	35
GROOTTOTAAL:	70